

Sing vooraf staande: Psalm 4:1; Psalm 8:2; Psalm 16:2

Psalm 4:1 (p. 14)

- 1 Verhoor my, HEER, in donker dae, / God van my reg, send troos vir my!
U wat my voer uit hinderlae, / hoor my uit vrye welbehae.
O manne wat my nou bestry, / hoe lank nog word in teënhede
my eer in skande omgekeer? / Hoe lank is jul met nietighede,
met ydelheid en wind tevrede? / Word leuentaal deur jul begeer?

Psalm 8:2 (p. 30)

- 2 U het, o HEER, wat troon oor alle dinge, / uit kindertaal en stem van suigelinge
u mag gegrond, sodat die mens moet swyg / wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig.

Psalm 16:2 (p. 61)

- 2 Wie hier 'n ander god met gawes eer, / dié sal homself met baie smarte pynig.
Ek sal sy offers uitgiet nóg begeer; / sy afgodsnaam sal nie my mond ontreinig.
My erfdeel is die HEER, my vreugdebeker, / my lot is in sy hand vir ewig seker.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 84:1 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlanse / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.

Gebed

Psalm 34:6 (p. 167)

- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Skriflesing: Galasiërs 5

Teks: Galasiërs 5:16; Kategismus Sondag 44 (Tiende Gebod)

Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie. (Galasiërs 5:16 AFR53)

Dit gaan hier oor die woord **begeer**. En oor die sondes wat almal gekoppel word aan hierdie woord. Hierdie woord is in sy wese sekerlik positief: mens begeer om God te ken en ons begeer 'n ware geloof, en ons begeer die ewige lewe.

- Maar die duiwel het hierdie eienskap, naamlik begeerte, by die mens ontwikkel sodat dit heelwat sterker klem plaas op die negatiewe kant van die lewe as op die positiewe.
- Begeerte self het in baie gevalle sonde geword. Daarom staan dit in ons teksvers geskryf dat die vleeslike begeertes lynreg staan teen die lewe in die Heilige Gees.

Die redenasie wat die Heilige Gees in hierdie brief deur die apostel Paulus volg, is eintlik baie logies en maklik verstaanbaar, want jy kan geen enkele gebod oortree sonder om eers te begeer om die betrokke oortreding te begaan nie.

- Jy moet eers die begeerte ervaar om die dag van die Here nie te heilig nie voordat jy tot die daad van sabbatsontheiliging sal oorgaan.
- Net so moet jy eers in opstand kom teen gesag voordat jy openlik daarteen sal rebelleer.
- Elke gebod pas in hierdie skema: Dit is 'n negatiewe begeerte wat die daad van sonde begelei.

Die twee pole is duidelik presies soos wat die Bybel hulle hier beskryf:

- Aan die een kant is daar die dinge wat reg is, en wat gedryf en ook gedra word deur die werk van die Heilige Gees.
- Aan die ander kant is daar die dinge wat verkeerd is (sonde) – wat ook bekend staan as vleeslike dinge – wat gedryf word deur ons begeertes.

Kyk na die gedeelte wat ons gelees het van vers 19 af.

- Daar kry ons nou 'n baie lang lys van sondes – almal van hulle word beheers deur liggaamlike begeertes.
- Die lysie van vers 19 is almal begeertes wat met hartstog verband hou. Om dit sterk te stel: welluste.
 - Hierdie groepie het almal te doen met 'n liggaamlike liefde wat deur verkeerde begeertes gedryf word.

Vers 20 noem twee dinge wat getuig van 'n verkeerde begeerte in jou aanbidding, naamlik:

- afgodery en
- towery.

Daarna volg 'n lang lys van sondes wat gedryf word deur 'n begeerte teen ander mense:

- vyandskap,
- bakleiery en
- selfs moord.

Maar die einde van die lysie meld ook nog dronkenskap en brassery.

- Brassery is om te veel te eet.
- Daar is dus ook verkeerde begeertes wat ons kan hê teen ons eie liggame – die lus om goeie gawes te misbruik.

Daar word nie algemeen onder ons aanvaar dat hierdie lang lys van sondes almal met die sonde van begeerte verband hou nie.

- Maar dit is immers hoe die Bybel self hierdie gedeelte begin.
- Dit is die Bybel self wat die genoemde sondes koppel aan die Tiende Gebod.

Tot dusver is die hele saak baie maklik en verstaanbaar. Ons moet ons deur die Heilige Gees laat lei, en dan sal Hy ons leer om nie verkeerde dinge te begeer nie maar wel dinge wat reg en goed is.

Daar is egter dinge wat begeer móét word.

Vers 22:

Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.
(Galasiërs 5:22 AFR53)

Kyk na die kontras. Die laaste deel van vers 21:

... soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.

Die Here stel die saak baie sterk omdat Hy ons enersyds daarmee wil beweeg tot bekering van verkeerde begeertes wat by ons mag leef, en ook omdat Hy ons andersyds hiermee wil afskrik om dit nie te hê nie.

Lees hierby Galasiërs 6:7, 8.

Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai. (Galasiërs 6:7-8 AFR53)

Ons moenie verwag dat mens ooit in hierdie lewe volmaak bekeer sal wees, en sonde sal kan lewe nie, want selfs nie eers die heiligste mense kan so 'n vlak bereik nie. Die saak gaan in sy diepste daarvoor dat ons darem die begeerte moet beleef dat ons volgens die Here se gebooie wil lewe.

Kom ons lees vir hierdie stelling 1 Johannes 1:8 waar die volgende geskryf staan:

As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie. (1 Johannes 1:8 AFR53)

- Dink aan die hele gedeelte in Romeine 7 wat daarvoor gaan dat Paulus sê dat hy tog lus het om die wet van die Here te doen, en dit is hoe hy die stryd tussen sy eie begeertes en dié van die Heilige Gees in hom agtergekom het.
- In dieselfde gedeelte vertel Paulus ook waarom die Here nie die Tien Gebooie wegvat nie.
 - Dit moet bly:
 - om ons te leer hoe sondig ons eie aard is,
 - maar terselfdertyd leer dit ons ook om ons verlossing in Christus te soek.

Onthou net:

- Jesus Christus het ons met sy dood uit die hel uitgeruk, en dus ook uit die mag van die verkeerde begeertes.
- Daarna het Hy nog die Heilige Gees ook teruggestuur om ons te regeer en met Goddelike wysheid voor te sê sodat ons werklik nie net teen die verkeerde begeertes in ons kan stry nie, maar hulle ook kan oorwin.

Kom ons kyk na Kategismus Sondag 44 vir 'n opsomming van hierdie preek.

Vraag 113: Wat eis die tiende gebod van ons?

Antwoord: *Selvs die geringste begeerte of gedagte teen enige gebod van God mag nooit in ons hart opkom nie. Ons moet altyd en heelhartig vyande van alle sonde wees en 'n begeerte tot alle geregtigheid hê (a).*

(a) Rom 7:7.

Vraag 114: Maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam?

Antwoord: Nee, want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid (a), maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe (b).

(a) 1 Joh 1:8; Rom 7:14, 15; Pred 7:20; 1 Kor 13:9. (b) Rom 7:22; Ps 1:2.

Vraag 115: Waarom laat God die Tien Gebooie dan so streng aan ons voorhou as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie?

Antwoord: Ten eerste sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken (a), en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus kan soek (b). Ten tweede moet ons ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik (c).

(a) Rom 3:20; 1 Joh 1:9; Ps 32:5. (b) Matt 5:6; Rom 7:24, 25. (c) 1 Kor 9:24; Fil 3:12-14.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 73:11 (p. 369)

11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aardeⁱⁿ kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my ewige goed.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 1 Mei 2005

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 9 Februarie 2014